

26 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:8-16

Fokusgedeelte: DL, 1:17

Wat word van kinders wat sterf?

Om 'n jong kind aan die dood af te staan is seker een van die bitterste smarte wat enige ouer kan deurmaak. Wanneer 'n kind wie se lewe menslik gesproke nog voorgelê het weggeskeur word deur die dood, dan laat dit diep wonde in enige ouerhart. Die vraag word dan dikwels gevra: "Wat word van my kind wat gesterf het, maar nog te jonk was om te glo?"

Die antwoord van die Woord is klokhelder in 1 Korintiërs 7:14: "Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God." Selfs al is net een van die ouers 'n gelowige behoort die kinders dus aan God.

Daarom bely ons dat kinders met selfs net een gelowige ouer heilig is, dit wil sê aan God behoort kragtens die genadeverbond. "Godvrugtige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie."

Dit is 'n geweldige groot troos vir enige ouer wat 'n jong kind verloor het: "My kind behoort aan God, selfs al was hy of sy nog te klein om te kan glo!"

Sulke kinders word nie gered omdat hulle dit verdien nie. Al het hulle nog min of geen sonde gedoen nie is hulle as sondaars gebore. Dit alleen is al erg genoeg om die ewige dood te verdien. Hulle is dus nie van nature heilig nie, maar kragtens die genadeverbond. Hulle word dus ook nie buite Jesus Christus om gered nie, maar deur sy genade.

Kom ons bid vandag vir ouers wat kinders verloor het en kom ons troos hulle met die goeie nuus van die evangelie dat hulle kinders al daar is waarheen hulle op pad is, naamlik in die ewige heerlikheid by God self!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~